

K O O P B R I E F

OG 27/08/2014

MEMORANDUM VAN KOOP EN VERKOOP AANGEGAAN EN GESLUIT TE CARNARVON

Deur en Tussen

DIE MUNISIPALITEIT VAN CARNARVON

Deur middel van die Uitvoerende Hoof, mnr. A.P.F. van Schalkwyk, en Burgemeester, mev. E.L. Riley indertyd behoorlik daartoe gemagtig (hierna genoem die VERKOPER aan die eenkant)

en

Volle naam : *Peter Brennan Rossouw*

Identiteitsnommer : 580202 5085 080

Getroud binne gemeenskap van goedere met

Eggenote se volle name : *Ilse Rossouw*

Identiteitsnommer : 681130 0056 086

(hierna genoem die KOPER aan die anderkant)

Die VERKOPER verklaar dat hy verkoop het aan die KOPER wat verklaar dat hy van die VERKOPER aangekoop het die volgende vaste eiendom tesame met alle geboue en verbeterings daarop naamlik:

ERF NR.: 441

CARNARVON

geleë in die Munisipaliteit en Afdeling van Carnarvon

GROOT: 1487 m²

Gehou deur die VERKOPER kragtens Transportakte nr. 1414 dateer 14 Januarie 1981 onderhewig aan die volgende voorwaardes:

[Handwritten signatures and initials]

1

Die koopprys vir die voormelde vaste eiendom is die som van R40,000.00, (Veertigduisend Rand) welke koopsom deur die KOPER aan die VERKOPER betaalbaar is as volg:

IN KONTANT BY OORDRAG

2

Besit van die voormelde vaste eiendom sal gegee word aan en geneem word deur die KOPER op datum van registrasie van transport van die voormelde vaste eiendom in sy of haar naam. Vanaf datum van hierdie koopvooreenkoms tot datum van besit sal die bestaande huurkontrak met die VERKOPER onveranderd en van volle krag bly.

3

Die KOPER sal aanspreeklik wees vir betaling van alle Munisipale belastings of enige ander eiendomsbelastings hoegenaamd ten opsigte van die voormelde vaste eiendom vanaf datum van besit soos in paragraaf 2 hierbo bepaal.

4

Die VERKOPER se prokureur, Johannes G. Coetzee van Carnarvon sal toesien tot die registrasie van die transport in die naam van die KOPER.

5

Die KOPER sal verantwoordelik wees om alle oordragskoste en Hereregte en/of BTW wat daar mag wees te betaal ten einde registrasie van Transport in die KOPER se naam te bewerkstellig en sal die Transportkoste op aanvraag betaalbaar wees aan die VERKOPER se Prokureurs.

6

Die voormelde vaste eiendom tesame met alle geboue en verbeterings daarop word

[Handwritten signatures and initials]

verkoop soos dit vandag daar staan en in uitgestrektheid lê, aangesien die VERKOPER nie bereid is om enige tekort in die grootte goed te maak nie en afstand doen van enige reg op vergoeding ten opsigte van enige grotere uitgestrektheid wat by heropmeting bepaal mag word en verder onderhewig aan alle serwitude en voorwaardes waaraan die gesegde eiendom onderhewig mag wees kragtens vroeëre dokumente, transporte of ooreenkomste, met ander woorde voetstoots, sonder enige waarborge, stilswyend of uitdruklik.

7

Die KOPER onderneem om enige en alle agterstallige huurgelde deur hom of haar verskuldig aan die VERKOPER op datum van besit van die voormelde vaste eiendom te betaal en om 'n skulderkenning vir sodanige bedrag te teken indien die VERKOPER dit vereis.

8

Die partye kies hulle domicilium citandi et executandi by die volgende adresse waarheen alle kennisgewings, dokumentasie en prosesstukke gestuur moet word:

VERKOPER : *Munisipaliteit Carnarvon, Posbus 10, Carnarvon, 8925*
 KOPER : *Mnr. P.B. Rossouw, Posbus 10, Carnarvon, 8925*

9

Die KOPER is tans in diens van die VERKOPER. Die VERKOPER sal aan die KOPER 'n lening gee ten bedrae van R50,000.00 (Vyftigduisend Rand) ten einde die KOPER instaat te stel om die eiendom te koop vanaf die VERKOPER. Die lening sal terugbetaalbaar wees oor 'n tydperk van 20 jaar teen 'n rentekoers van 4 % per jaar.

10

Indien die KOPER die VERKOPER se diens sou verlaat alvorens die lening terugbetaal is, sal die volle uitstaande balans opeisbaar wees binne 30 (Dertig) dae nadat die KOPER deur die VERKOPER of sy Prokureur skriftelik daarom versoek is. Dieselfde reëling sal geld indien die KOPER aftree alvorens die lening afgelos is.

11

Indien die KOPER te sterwe sou kom alvorens die lening verskuldig aan die VERKOPER afgelos is, sal die uitstaande balans op die lening afgelos word deur die KOPER se boedel. Vir hierdie doel sal die KOPER 'n lewenspolis op sy lewe uitneem tot bevrediging van die VERKOPER en sal die versekeringskontrak behoorlik deur die KOPER aan die VERKOPER sedgeer word.

12

Vir solank daar 'n uitstaande balans ten opsigte van die lening deur die KOPER aan die VERKOPER verskuldig is, is die KOPER gebind of verplig om die eiendom wat hierby verkoop word, self te okkupeer en mag hy nie sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die VERKOPER of sy gemagtigde agent eers verkry is nie, die eiendom of 'n deel daarvan verhuur, verbind, oordra of verpand of enigsins belas nie, of 'n algemene verband of 'n verband met 'n algemene klousule daarteen laat registreer of sy regte kragtens hierdie ooreenkoms sedgeer, oordra of oormak nie.

13

Vanaf besitdatum, soos hierbo bepaal, sal die eiendom gaan vir die uitsluitlike risiko van die KOPER en vir solank daar 'n uitstaande balans op die lening aan die VERKOPER verskuldig is, sal die KOPER korttermyn versekering vir brand, beskadiging en vernietiging van die eiendom by 'n versekeringsmaatskappy uitneem tot bevrediging van die VERKOPER en sal die genoemde kontrak na behore deur die KOPER in stand gehou word totdat die volle leningsbedrag afgelos is.

14


Indien die KOPER enige van die voorwaardes en verpligtinge wat met hierdie ooreenkoms hom opgelê word, nie sou nakom nie of as dit blyk dat verklarings of versekeringskontrakte of enige bygaande dokumente in verband met die aankoop van die eiendom en die verkryging van versekering vals is, het die VERKOPER die reg om hierdie ooreenkoms onmiddellik te kanselleer en sal die VERKOPER se regte dieselfde wees soos gestel in hierdie kontrak.

Indien die KOPER nie die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms stiptelik nakom nie, sal die VERKOPER geregtig wees om:

- Hierdie koop te kanselleer sonder benadeling van enige regte wat hy mag hê en spesifiek die reg tot skadevergoeding en ook die reg om die eiendom weer in die naam van die VERKOPER te laat registreer en die kostes rondom die gesegde registrasie te eis vanaf die KOPER of
- Om spesifieke nakoming van die voorwaardes en terme van hierdie kontrak te vereis.

GETEKEN te CARNARVON op hierdie ...24..... dag van
...Februarie..... 2000 in die teenwoordigheid van die ondergetekende
getuies.


AS GETUIES:

1. 


BURGEMEESTER

2. 


UITVOERENDE HOOF



GETEKEN te CARNARVON op hierdie ..24..... dag van
....Februarie..... 2000 in die teenwoordigheid van die ondergetekende
getuies.

AS GETUIES:

1. Maas

.....
KOPER

2. N. V. Dieterik

.....
EGGENOTE VAN KOPER